

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 40

3 Oktober 2021



WAARHEID is nog steeds die waarheid – en dit maak saak (3)

Wat doen ons met waarheid?

“Julle moet doen wat die Woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.” (Jak 1:22). Jakobus verduidelik dit baie eenvoudig. Baie mense weet wat die waarheid is; die probleem is egter nie die kennis nie, maar wat hulle met die kennis oor die waarheid doen. Waarheid wat ons nie toepas nie, mislei ons. Dink so daaraan; wanneer iemand vrymakende waarheid vir die eerste keer hoor, trek dit hulle aandag en wil hulle meer weet. Wanneer iemand dit vir die tiende keer hoor, is die nuutheid weg en glo hulle dat hulle dit reeds weet. Die gevaar is dat ek nie toepas of glo wat ek gehoor het nie. Hierin lê die misleiding van hoogmoed. Moet geensins dink dat menslike toepassing aangemoedig word sonder Goddelike genade en die kragtige werking van die Heilige Gees waardeur ons bemagtig word om God te gehoorsaam nie.

God se beeld en karakter word in ons gevestig

Ons identiteit word gevestig deur voortdurend met God in verhouding te leef en toe te laat dat Hy Sy beeld in ons vorm. Waarheid is dan die Goddelike beeld en karakter wat Hy in ons vestig. God stel meer belang in tydsame, standvastige karaktervorming as vinnige uiterlike gedragsverandering. Maak waarheid jou beste vriend, selfs al staar jy verwerping in die gesig. Onthou jou vryheid is jou keuse en God se begeerte. Deur die Kruis is alles moontlik gemaak.

(Philip Pretorius)

Dankie!

- Dat God Sy wil aan ons kom openbaar het in en deur Jesus Christus!
- Vir Sy wil, dat niemand verlore moet gaan nie!
- Vir Sy wil, om Hom te mag ken. Dat Hy Homself in en deur Christus aan ons kom openbaar het.
- Vir die welkome reën wat op verskeie plekke geval het!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir God se hart vir ons gemeente met die beplanning vir volgende jaar deur Deon en Fritz.
- Vir die gemeente bediening.
- Vir álmal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir Sy genade en ontferming oor ons in SA. Dat SA sal terugdraai na God met hulle hele hart!
- Vir die veiligheid van elkeen wat met vakansie gaan. Ook vir 'n goeie rustydperk.
- Vir die verkiesing wat voorlê en verdraagsaamheid tussen verskillende partye.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
- Johan Kotze – vir volkome herstel en genesing.
- Basie Roux – vir volkome genesing.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing.
- Christa de Swart – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Nellie van Tonder - vir spoedige herstel na oogprosedure.
- Magriet du Plooy – vir genesing
- Tannie Marie van Wyk – vir volkome genesing
- Janine Vorster

Gedagte vir die week:

Daar is 'n egtheid in waarheid wat valsheid nooit kan naboots nie.

- Lord Napier -

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor.
N.G.Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org

